**Vin.**
Lien Botha.
Kaapstad: Queillerie, 2021. 264 pp.
ISBN: 978-0-7958-0200-3.

In 2015 publiseer Queillerie Lien Botha se debuutroman, *Wonderboom*. *Wonderboom* word bekroon met die Eugène Marias-prys en die Jan Rabie-*Rapport*-prys. Dit word aangewys as die *Huisgenoot/Tempo* boek van die jaar. In Willie Burger se bespreking van *Wonderboom* verwys hy na die collage-agtige tegniek waarmee die apokaliptiese verhaal vertel word. Hy wys byvoorbeeld uit dat die roman verskeie verwysings na Suid-Afrikaanse tekste bevat, benewens verwysings na wêreldletterkunde, musiek en kunswerke. In Botha se nuutste roman, *Vin*, ook deur Queillerie uitgegee, benut die skrywer weereens hierdie verwysings na ander tekste, nie soseer om 'n apokaliptiese wêreld te skets nie, maar om voort te bou op die tema van vervreemding. In *Vin* word hierdie tegniek benut om die donker ure van die hoofkarakter, Vin Verster, se psige visueel en letterkundig uit te beeld.

Op die oog af is *Vin* 'n misdaadroman. In die proloog is kuns-kurator Vin Verster soek terwyl daar onheilspellend vertel word hoe iemand 'n oor, 'n oog, later 'n neus en uiteindelik 'n sprakelose tong—"lelik pers" (17)—versprei oor 'n dor vlakte vind. In hoofstuk 1 neem die verhaal egter 'n ander trant in—die fokus verskuif van die misdaad na die intieme binnelewe van Vin. Vin se belewenis van, onder andere, Frankryk, Mali, en die eiland Sylt tydens haar verskeie kunsresidensies word deur 'n onbekende derdepersoonsverteller gedeel. Daar word ook vertel van Vin se verbrokkelende huwelik, 'n familietragedie, en 'n verlore kunswerk deur die Nederlandse skilder, Hendrick Avercamp.

Hoewel die verhaal tog redelik chronologies is, vertel die derdepersoonsverteller van Vin se gedagtes en ervarings met 'n eienaardige intimiteit wat herinner aan bewussynstroom. Die intimiteit van die karakter se gedagtes en ervarings is kenmerkend, omdat die verhaal aspekte van 'n reisjoernaal het, maar een wat deur 'n onbekende derdepersoonsverteller oorgedra word. Volgens Viljoen (75) funksioneer dagboeke in literatuur dikwels as spieëls: die dagboek is dus van nature self-reflektief. In *Vin* word hierdie eienskap van 'n joernaal egter ondermyn. Vin se geheime, gedagtes, ervarings en intieme gesprekke word weergegee, en die meerderheid van die verhaal fokus op Vin se refleksie van haar reise, tog is dit nie Vin wat haar verhaal vertel nie.

Benewens die verontrustende intimiteit, word die innerlike blik op die lewe en denke van Vin onderbreek deur passasies wat nie implisiet verband hou met die verhaal van Vin se lewe nie. Die passasies wissel tussen, byvoorbeeld, inskrywings oor feite, epitawe, advertensies vir "Mistresses and Submissives" (121) en resensies. Mens begin wonder of die passasies deel uitmaak van Vin se persoonlike belewenis—dalk inligting wat sy raakgelees het—en of die passasies leidrade is wat die misterieuse misdaad kan oplos sodat die verlore kunswerk opgespoor kan word. Hierdie passasies sluit aan by 'n verdere laag inligting wat aan die leser gegee word. Die roman open met 'n uitnodiging om "te sien wat Vin sien" deur 'n aanlyn kuns- en fotoalbum te besigtig wat beskikbaar is op die skrywer se webtuiste, www.lienbotha.co.za/vin-visual-2021.

Net soos die intimiteit waarmee die derdepersoonsverteller die verhaal van Vin benader en die skynbare lukrake passasies, dra die visuele album ook by tot die vervreemding van die leser. Aan die een kant funksioneer die album as 'n soort visuele gids wat juis die leser saam met Vin deur haar reise moet begelei. Aan die ander kant is die aanbieding daarvan, as digitale webtuiste wat apart bestaan van die boek, merkwaardig. Die visuele wêreld wat as gids tot Vin se lewe en reise dien, is verwyderd van die leeservaring. Hoewel die webtuiste in hoofstukke ingedeel is, en die foto's

en kunswerke van onderskrifte voorsien is, is die verwysings na die kunswerke nie in die boek opgeneem nie. Die leser moet dus 'n besluit neem: onderbreek die leesproses deur ook na die foto's te kyk, of besigtig die visuele teks afsonderlik, maar as bykomende bron tot die hoofstukke en/of roman in geheel.

Ek dink egter die aanbieding van die visuele teks in samewerking met die roman is doeltreffend. *Vin* is 'n roman wat, soos die voorblad ook impliseer, verskillende lae vervleg. Die verskeie verwysings na letterkundige werke en musiek dompel as 't ware die leser in Vin se psige in. Die roman tree in gesprek met byvoorbeeld J. M. Coetzee (53), John Miles se *Op 'n dag 'n hond* (94), en *Die ysterkoei moet sweet* deur Breyten Breytenbach (13). Op bladsy 160 is daar selfs 'n uiteensetting van die musiekalbum waarna Vin luister, met opnames soos Lea DeLaria se "All that Jazz" en Angélique Kidjo se "Summertime".

*Vin* is 'n roman wat deurgaans in gesprek tree en verbande trek tussen verskeie genres oor kunsgrense heen. Indien *Vin* interpreteer word vanuit die postmodernisme, kan daar aangevoer word dat aspekte van fragmentering, metafiksie, intertekstualiteit en pastiche benut word om die psige van 'n wit, Suid-Afrikaanse en Afrikaanse vrou in 'n geglobaliseerde, kapitalistiese en post-apartheid wêreld uit te beeld deur middel van die genre van misdaadfiksie. *Vin* kan, vanuit hierdie raamwerk, maklik geplaas word tussen die boeke van Suid-Afrikaanse skrywers soos Etienne van Heerden, Ingrid Winterbach en J. M. Coetzee.

**Geraadpleegde bronne**

Burger, Willie. "Kies 'n boek: Wonderboom deur Lien Botha." *Vrouekeur*. 21 Okt. 2015. http://vrouekeur.co.za/funksie-artikels/kies-n-boek-wonderboom-deur-lien-botha.

Viljoen, Louise. "Die dagboek as narratiewe strategie in Marlene van Niekerk se *Agaat*". *Stilet* vol. 21, no. 2, 2009, pp. 69–90.

**Delia Rabie**
**deliarabie@gmail.com**
**Universiteit van Pretoria**
**Pretoria, Suid-Afrika**
ORCID: https://orcid.org/0000-0002-4477-6447

DOI: https://doi.org/10.17159/tl.v58i2.12021